# CHRISTUSGESENTREERDE BIBLIOTERAPIE MET <u>POST MORTEM</u> (JUNITA JOUBERT) AS EKSEMPLAARTEKS

deur

**Wilheminah Gabaiphiwe Moleko, B.A.(Ed.), B.A.Hons.**

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad van

**MAGISTER ARTIUM**

DEPARTEMENT AFRIKAANS

FAKULTEIT HUMAN SCIENCES

**UNIVERSITEIT VAN NOORDWES**

Studieleier: Dr. J. Buscop

Mmabatho

Julie 1998

LIBRARY
MAFIKENG CAMPUS
Call No.:
2014 -11- 07

"I declare that the dissertation for the degree of **MASTER OF ARTS** (course work) at the **UNIVERSITY OF NORTH-WEST** hereby submitted, has not previously been submitted by me for a degree at this or any other university, that it is my own work in design and execution and that all material contained herein has been duly acknowledged."

..................................................

Wilheminah Gabaiphiwe Moleko

# DANKBETUIGINGS

Eerstens `n dankgebed aan die genadige Vader. Hierdie werk is van begin tot einde vir Hom.

My diepste dankbaarheid aan my studieleier, dr. Jan Buscop, vir sy geduld en bekwame hulp.

NWU LIBRARY

Ook innige dank aan my ouers, broers en susters vir hulle geloof en bystand.

`n Woord van waardering aan my departementshoof, prof. A.L. Mawasha en ander kollegas vir hulle morele onderskraging en volgehoue aanmoediging.

Baie dankie ook aan mev. Marina le Roux en die personeel van ISKEMUS (Universiteit van Stellenbosch) vir die beskikbaarmaking van relevante materiaal.

Jesaja 60:1-2 (Amplified): “1 ARISE [from depression and prostration in which circumstances have kept you - rise to a new life]! Shine (be radiant with the glory of the Lord), for your light has come, and the glory of the Lord has risen upon you! 2 For behold, darkness shall cover the earth, and dense darkness [all] peoples, but the Lord shall rise upon you [O Jerusalem], and His glory shall be seen on you.”

HOOFSTUK 1 - INLEIDING ..... 1

1.1 Probleemstelling ..... 1
1.2 Doelformulering ..... 5
1.3 Aktualiteit ..... 5
1.4 Hipoteses ..... 6
1.5 Afbakening ..... 6
1.6 Verloop van die studie ..... 7

HOOFSTUK 2 - WERKDEFINISIES VAN DIE BEGRIPPE `SELFMOORD' EN BIBLIOTERAPIE BINNE 'N CHRISTUSSENTRIESE PERSPEKTIEF ..... 8

2.1 Inleiding ..... 8
2.2 Selfmoord en enkele statistiese gegewens ..... 8
2.3 Biblioterapie ..... 12
2.4 Die mens as liggaam, siel en gees ..... 14
2.5 Satan se strategie ..... 24

2.5.1 Moedeloosheid ..... 26
2.5.2 Verwarring ..... 30
2.5.3 Depressie ..... 32
2.5.4 Verlies van visie ..... 34
2.5.5 Disoriëntasie ..... 36
2.5.6 Onttrekking ..... 37
2.5.7 Wanhoop ..... 38
2.5.8 Vernietiging van die self ..... 40

HOOFSTUK 3 - <u>POST MORTEM</u> BIBLIOTERAPEUTIES BESKOU ..... 43

3.1 Inleiding ..... 43
3.2 'n Biblioterapeutiese lesing van <u>Post Mortem</u> ..... 43

HOOFSTUK 4 - SAMEVATTING ..... 59

SUMMARY ..... 60

BIBLIOGRAFIE ..... 61

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

### 1.1 Probleemstelling

Selfmoord neem daagliks[1] toe en dit word as 'n wêreldwye probleem geïdentifiseer. Ook in Suid-Afrika neem selfmoord én die hoeveelheid pogings skrikwekkend toe. Dat hierdie probleem die gemeenskap in totaliteit raak, word duidelik in die toenemende getal berigte en artikels wat die problematiek van selfmoord aanspreek. Wat voorts kommerwekkend is, is dat hierdie statistiek die snelste toeneem onder tieners, en veral die afgelope paar jaar (vergelyk onder andere Booysen 1995:172). Daar word selfs aangevoer dat selfmoord die derde grootste oorsaak van sterftes onder tieners in Suid-Afrika is.

Teen die agtergrond van dié onrusbarende statistiek oor selfmoord, op nasionale én internasionale vlak, kan daar dus met reg gevra word of die huidige voorkomings- en terapeutiese middele genoegsaam is om hierdie groeiende dilemma die hoof te bied. Ackermann (1989:12) meen dat die rol van ouers,

---

1 Wertheimer (1991:2) beweer dat daar huidiglik elke minuut oor die wêreld 'n persoon is wat sy eie lewe neem. Sy meen voorts dat die beskikbare statistiek onbetroubaar is en dat die syfers heelwat hoër is as wat aangedui word. Die hoofrede wat sy aanvoer, is dat "official statistics are based on coroners' verdicts". Daar is spekulasies wat aandui dat die werklike statistiek selfs dubbel die hoeveelheid kan wees.

vriende, familie en die skool baie belangrik is omdat die emosies van die tiener op hierdie stadium van sy lewe onstabiel mag wees. Die vraag is egter wat presies die rol van hierdie groepe behoort te wees.

'n Verskeidenheid redes en moontlike oplossings is al aangevoer, maar ten spyte daarvan neem die aantal selfmoordpogings jaarliks geweldig toe. Dit is ook opvallend dat die beskikbare navorsing en bronne oor selfmoord hoofsaaklik vanuit 'n humanistiese perspektief geskryf is. Die rol van die mens as terapeut staan dus telkens voorop. Vanuit 'n Christusgesentreerde benadering sou die belangrike vraag kon ontstaan wat presies die rol van God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees behoort te wees binne so 'n voorkomings- en genesingsaksie.

Die Bybel voer in Spreuke[2] 4:20-22[3] aan dat die woorde van die Here 'n genesing vir die hele liggaam is. Só 'n opmerking vra in die eerste plek 'n ondersoek na wat presies bedoel word met "die hele liggaam". In die tweede plek word hier aangevoer dat die Woord(e) van die Here as genesing, as Terapie[4] dien. Sodoende ontstaan die vraag - gesien teen die agtergrond van die groeiende statistiek - of Terapie, en dan veral selfmoordvoorkomingsterapie, nie vanuit 'n

---

2 Bybelverwysings is deurgaans uit die Ou Vertaling behalwe waar dit eksplisiet anders aangedui word.

3 Spreuke 4:20-22: "20 My seun, luister na wat ek sê, neig jou oor tot my woorde, 21 laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart. 22 Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele liggaam."

4 Terapie sonder die Goddelike drie-eenheid se teenwoordigheid is onmoontlik en van nou af sal al die verwysings na Terapie met 'n hoofletter geskryf word.

Bybelse invalshoek moet geskied nie met God[5] as Terapeut.

Dreckmeyr (1997:94) voer die volgende rondom taal, woorde aan: "Language is a communication tool and a gift from God. The Bible, as a revelation of God to man, is written in language and language can be seen as a central ingredient in the communication between God and man. It is also vital for effective communication between people." As God dan taal as 'n sentrale bestanddeel gegee het in die kommunikasieproses tussen Homself en die mens dan moet die geskrewe Woord teen die agtergrond van Spreuke 4:20-22 ook as 'n Terapeutiese instrument beskou word met genesing as uitkoms.

Gesien teen hierdie agtergrond kan die geskrewe boek beslis ook as terapeutiese instrument gebruik word met God as die hooffasiliteerder. Buscop (1998a:1) definieer hierdie vorm van Biblioterapie só: "die interaksie tussen 'n leser, 'n boekkarakter, 'n terapeut en dié Terapeut (met Terapeut word hier bedoel God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees) om uiteindelik totale genesing op liggaamlike, siels- en geestelike vlak van die leser te bevorder en te bewerkstellig. Vanuit 'n Christussentriese perspektief is Biblioterapie altyd Metabiblioterapie. Die leser behoort na die Terapie 'n gevoel van waarde te hê wat geleidelik tot vernuwing op liggaams-, siel- en geesvlak sal lei."

---

5 Navorser is bewus van die verskeie gode wat in die wêreld aanbid word. Hier word verwys na God as Vader, God as Seun (Jesus Christus) en God as Heilige Gees.

Buscop (1998a:1) meen dat Biblioterapie slegs effektief is indien dit die mens as liggaam, siel en gees bedien. Hy voer voorts aan dat dit slegs die Woord van God is wat skeiding bring tussen siel en gees, én dat Biblioterapie slegs sal slaag indien die sekondêre bron aan die primêre bron, die Bybel, gemeet word.

Só 'n opmerking vra dan - veral ook gesien teen die groeiende statistiek - om vanuit hierdie Christussentriese perspektief die problematiek rondom selfmoord en die voorkoming daarvan te ondersoek. Joyner (1995:80) voer aan dat die selfvernietigingsproses 'n aantal belangrike fases voorafgaan. En dit is juis hierdie fases wat vra om deeglik onder die loep geneem te word.

NWU LIBRARY

Daar bestaan 'n wye seleksie van leesmateriaal wat fokus lê op die oplossing van probleme wat tieners ervaar, maar baie min wat spesifiek selfmoord as 'n tema behandel. Geen formele navorsing oor die onderwerp van Biblioterapie vanuit 'n Christussentriese perspektief het nog in Suid-Afrika die lig gesien nie. Sodoende kan en behoort 'n boek soos Post Mortem deur Junita Joubert wat die onderwerp van selfmoord aanraak, vanuit só 'n perspektief nagevors te word.

Die probleemstelling van die studie kan soos volg voorgehou word: watter vorm van Terapie bied die Woord van God rondom die tema van selfmoord en die voorkoming daarvan, en hoe kan openbaringskennis rondom dié tema doeltreffend gebruik word in Christusgesentreerde Biblioterapie met Post Mortem as eksemplaarteks?

## 1.2 Doelformulering

Uit voorafgenoemde kan afgelei word dat die probleemstelling deurgaans sentreer rondom die plek en funksionering van Christussentriese Biblioterapie.

Die eerste doelstelling van die studie is om verskeie aspekte rakende selfmoord en Biblioterapie te ondersoek. Dit sal allereers statisties en teoreties gedoen word.

Vervolgens sal gekyk word na die samestelling van die mens vanuit 'n Bybelse perspektief én dat Terapie al drie die dimensies van menswees moet aanspreek: die mens as liggaam, die mens as siel en die mens as gees. Daarna sal die satan se strategie ondersoek word wat uiteindelik daartoe lei dat 'n persoon na verloop van tyd sy of haar eie lewe neem.

Laastens sal gekyk word na die moontlikhede om 'n teks soos <u>Post Mortem</u> te gebruik vir Christussentriese Biblioterapie.

## 1.3 Aktualiteit

Die aktualiteit van die studie is in die eerste plek gebaseer op die skrikwekkende toename en sukses in selfmoordpogings dwarsoor die wêreld, maar veral in Suid-Afrika.

Vanuit die Bybel bied Spreuke 4:20-22 die aktualiteit naamlik dat die Woorde van die Here 'n genesing vir die hele liggaam is.

## 1.4 Hipoteses

Voortvloeiend uit die gespesifiseerde doelwitte kan die volgende hipoteses gestel word:

1 Die mens funksioneer as liggaam, as siel en as gees.

2 Die Woord van God maak skeiding tussen siel en gees.

3 Genesing deur die Boek vind in ál drie die dimensies van menswees plaas onder leiding van dié Terapeut en 'n terapeut.

3 Satan gebruik moedeloosheid, verwarring, depressie, verlies van visie, disoriëntasie, onttrekking en wanhoop om die mens uiteindelik te vernietig.

4 <u>Post Mortem</u> van Junita Joubert kan vanuit 'n Christussentriese perspektief Biblioterapeuties aangewend word.

## 1.5 Afbakening

Die probleem van selfmoord is wêreldwyd. In hierdie studie sal daar hoofsaaklik gefokus word op die Suid-Afrikaanse konteks. Baie voorkomings- en terapeutiese strategieë kan gevolg word, maar in hierdie studie vind Terapie vanuit die Woord

van God plaas. Die Biblioterapie word dus Christussentries aangebied.

Heelwat boeke het al die lig gesien wat die onderwerp van selfmoord aanspreek, maar in dié studie sal die boek Post Mortem van Junita Joubert as toepassingsteks gebruik word.

## 1.6 Verloop van die studie.

Die gang van die navorsing korrespondeer met die probleemstelling ten grondslag van die studie. Dit is in 1.1 gestel.

In Hoofstuk 2 word enkele werkdefinisies rondom selfmoord en Biblioterapie aangebied. Vervolgens sal die mens as liggaam, siel en gees onder die loep geneem word. Laastens sal in hierdie hoofstuk gekyk word na satan se strategie om die mens as totaliteitswese stelselmatig te vernietig. Ook die verskillende fases waarvolgens die vernietigingsproses verloop, wat uiteindelik tot selfmoord lei, sal ondersoek word.

Hoofstuk 3 is 'n toepassingshoofstuk waar die boek Post Mortem van Junita Joubert Biblioterapeuties beskou word.

Die samesvatting van die studie word in hoofstuk 4 voorgehou.

# HOOFSTUK 2

## WERKDEFINISIES VAN DIE BEGRIPPE `SELFMOORD' EN `BIBLIOTERAPIE' BINNE 'N CHISTUSSENTRIESE PERSPEKTIEF

## 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal daar verskeie teoretiese aspekte aan bod kom. Allereers sal daar statistiese gegewens oor selfmoord aangebied word. Vervolgens sal daar gekyk word na 'n werkdefinisie vir Biblioterapie. Daarna sal die doel en waarde van Biblioterapie bepaal word. Dit sal die mens as liggaam, siel en gees aanspreek. Ten laaste sal satan se strategie in die proses wat op selfvernietiging uitloop, onder die loep geneem word. Die hele teoretiese raamwerk is vanuit 'n Christussentriese perspektief aangebied.

## 2.2 Selfmoord en enkele statistiese gegewens

Die Engelse woord vir selfmoord "suicide" is afgelei van twee Latynse woorde: `sŭi' en `caedo'. Hierdie woorde beteken onderskeidelik "to kill" (Marchant &

Charles 1952:77) en "of himself, herself, itself, themselves" (Marchant & Charles 1952:554). Volgens die HAT(1994:906) is selfmoord "`n handeling van jouself om die lewe te bring; die neem van die eie lewe". Uit hierdie omskrywing kan afgelei word dat selfmoord verwys na 'n handeling deur `n persoon wat tot sy eie dood lei.

Daar moet besef word dat selfmoord nie `n maklike veld vir ondersoek is nie, aangesien die slagoffers nie altyd[6] beskikbaar is nie om na die voorval `n blik oor hulle optrede te gooi nie. Inligting oor selfmoord word basies van mense verkry wat `n mislukte poging aangewend het om selfmoord te pleeg, en verder uit afskeidsbriefies wat slagoffers agterlaat.

Pogings wat misluk het, bring ook `n negatiewe uitwerking op die persoon, sodat daar vir `n lang tyd littekens gedra word. Hierdie littekens lê hoofsaaklik op die sielsvlak[7] van die mens.

LIBRARY

Dit wil voorkom dat mense wat eintlik wil sterf, seker maak dat hul pogings nie sal misluk nie, maar volgens Watt (in Booysen 1995:172) wil die meeste tieners wat selfmoord pleeg, nie werklik sterf nie. Vir hulle is selfmoord `n noodkreet, `n poging om aandag tot hulle situasie van `n krisis te trek, "om simpatie van familie en vriende af te dwing, om hulle te laat skrik of selfs te manipuleer[8]" (Van der Merwe

---

6 Dié woord verwys na die talle mislukte selfmoordpogings.

7 Die mens as liggaam, siel en gees word in afdeling 2.4 volledig bespreek.

8 Hierdie mapulasie is in afdeling 2.5.8 as deel van towery beskou.

1995:30).

Volgens Van Staden (1988:76) onderskei psigiaters tussen ses soorte van selfmoord. Rasionele selfmoord word gepleeg om pyn te verlig of lyding aan `n ongeneeslike siekte aan die einde te bring; reaksionele selfmoord word gepleeg deur diegene wat `n groot verlies gely het; psigotiese selfmoord word beïnvloed deur versteurings in die psige van `n mens; manipulerende selfmoord word gepleeg om iemand anders se planne te verydel; selfmoord met `n wraakmotief wat veral deur kinders gepleeg word om hul ouers jammer te laat voel oor iets wat hulle gedoen of gesê het; selfmoord per abuis word gewoonlik impulsief gedoen sodat die slagoffer té laat besin. Dit is opvallend dat die fokus in al die gevalle op die self, die ego is.

NWU
LIBRARY

Die bepaling van selfmoordstatistieke is `n moeilike taak omdat dit nie alle sterfgevalle is wat gereeld vir registrasie aangemeld word nie (Ackermann 1988:8). Daarom is die beskikbare selfmoordsyfers nie altyd baie betroubaar nie (vergelyk ook Wertheimer 1991:2).

Volgens die Suid-Afrikaanse Polisiediens word daar nie altyd `n spesiale register gehou van selfmoordgevalle nie. Daar word amptelik net onderskei tussen sterftes as gevolg van natuurlike en onnatuurlike oorsake. Selfmoord, padongelukke en manslag vorm deel van sterftes as gevolg van onnatuurlike oorsake. Soms word selfmoordgevalle onder moordgevalle geregistreer.

Die beskikbare statistiek van selfmoord gee dus nie `n volle prent van die ware toestand van sake nie. Dit word raak in die WHO-verslag (1982:2) gestel:" suicide is always underestimated". Roos (1988:159) wys daarop dat daar in Suid-Afrika sowat 1000 selfmoordgevalle per jaar amptelik voorkom hoewel die werklike syfer nader aan 5000 is. Brown (1990:10) noem aan die ander kant dat sowat 150 000 Suid-Afrikaners elke jaar probeer om selfmoord te pleeg. Volgens Kiesouw (1993:61) is selfmoord een van die vyf eerste oorsake van sterftes onder Suid-Afrikaanse tieners en sy voer aan dat ongeveer 2000 tieners jaarliks deur die Tygerberg hospitaal in Kaapstad vir selfmoordpogings behandel word.

Baie gevalle van selfmoord word as ongelukke beskou, en ongelukke is die grootste oorsaak van sterftes by tieners. Daar moet in gedagte gehou word dat die selfmoordsyfers as minimum syfers beskou behoort te word, want daar word aangeneem dat 25% tot 50% van alle tienerselfmoorde nie amptelik bekend is nie (Ackermann 1988:13).

Daar is ook 'n groter tendens van selfmoord onder mans[9] as onder vrouens.

---

9 Dit is interessant om die aanslag van die duiwel hier dop te hou. Veral Jesaja 4:1 kan gesien word in hierdie konteks: "En in dié dag sal sewe vroue een man aangryp en sê: Ons eie brood sal ons eet en ons eie kleed aantrek; laat net jou naam oor ons genoem word, neem ons smaadheid weg. Die voetnoot by Jesaja 4:1 uit die Amplified Bybel is opvallend en bevestig dat veral die manlike geslag uitgeroei moet word: "Although more male babies are born than female babies, the number of marriageable men in the world is constantly decreasing. Over 57% of the enlisted men in World War I became casualties ... and the casualties in World War II have been estimated at 33 million. Not counting deaths in the armed forces, the ration of deaths between males and females was (as of 1960) nine to seven. This has not been true in previous centuries. Isaiah here foresees a time when the ratio between marriageable men and women will be one to

Volgens Booysen (1995:172) pleeg min of meer drie keer soveel seuns as meisies selfmoord. Die metodes wat die verskillende geslagte kies, is ook uiteenlopend. Seuns verkies om hulself te skiet, op te hang of te verdrink terwyl meisies hoofsaaklik slaappille of gas gebruik en hul polse sny (Van Niekerk 1981:174).

Wertheimer (1991:3) is van mening dat groot sosiale en politieke veranderinge[10] kan bydra tot 'n toename in selfmoordpogings: "sudden major fluctuations tend to occur during periods of major social or political upheaval". Wertheimer (1991:4) noem verder dat werkloosheid ook as rede aangevoer kan word vir die toename in selfmoord. Werkloosheid is `n krisis wat daartoe kan lei dat veral kinders moedeloos raak. Die (diaboliese[11]) proses wat uiteindelik tot selfmoord lei, verloop volgens sekere fases wat later bespreek sal word.

Daar sal vervolgens na 'n werkbare definisie gekyk word wat Biblioterapie vanuit 'n Christussentriese benadering kan aanpak.

## 2.3 Biblioterapie

Van Gorp et al. (1991:48) meen dat Biblioterapie in die negentiende eeu sy

---

seven."

10 Dit is veral in die negentigerjare op Suid-Afrika van toepassing.

11 Kyk afdeling 2.5.

ontstaan gehad het. Pinel (Frankryk), Tuke (Engeland) en Reil (Duitsland) word hier as toonaangewend beskou. In die twintigste eeu het Rivers (Amerika) en Ilhine (Rusland) belangrike toevoegings tot die studieveld van die Biblioterapie gemaak. Die bedoeling van Biblioterapie is "om via `taal' de weg naar het herstel te bevorderen en de scheppende mogelijkheden van de mens vrij te maken" (Van Gorp et al. 1991:48). Taal, die woord, vorm dus 'n kernelement in hierdie Terapie.

Tews (1962:97) omskryf Biblioterapie as "the use of books and related materials in the treatment of the sick". Die eerste vraag wat hier gevra kan word, is wat onder "related materials" verstaan word. Volgens Smith (1992:2) dui Biblioterapie hoofsaaklik op 'n dinamiese en terapeutiese interaksie tussen die leser en die geskrewe woord, maar met die tussenkoms van 'n biblioterapeut. Die biblioterapeut speel dus 'n belangrike leidinggewende rol in die proses. Met reg kan dan gevra word wie die Terapeut behoort te wees en hoe die Terapie behoort plaas te vind. Die Terapie funksioneer op twee vlakke: ekstern en intern. Op eksterne vlak funksioneer die terapeut[12] en op interne vlak die Heilige Gees. Johannes 16:8 dien in hierdie verband as kernteks: "en as Hy (die Heilige Gees - GM) kom, sal Hy die wêreld[13] oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel".

Aangesien die studie vanuit 'n Christussentriese perspektief aangebied word, word die Bybel, as die onfeilbare Woord van God, as oerbron vir hierdie vorm van

---

[12] Dit is onontbeerlik dat hierdie Terapeut 'n wedergebore Christen moet wees.

[13] In hierdie geval die leser.

Terapie gebruik (vergelyk Buscop 1998a:1). Boekterapie word dus altyd teen die agtergrond van die Bybel gedoen. Buscop (1998a:2) verwys na hierdie tipe van Terapie as Metabiblioterapie.

Vir die doel van hierdie studie word Buscop (1998a:1) se definisie van Biblioterapie gebruik: "die interaksie tussen 'n leser, 'n boekkarakter, 'n terapeut en dié Terapeut om uiteindelik totale genesing op liggaamlike, siels- en geestelike vlak van die leser te bevorder en te bewerkstellig. Dit is uiters belangrik dat Terapeut hier gesien moet word as God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees." Die Terapie word dus in hierdie studie vanuit 'n Christussentriese perspektief aangebied en slegs dán kan totale genesing plaasvind.

Volgens Buscop (1998a:1) vind totale genesing slegs plaas indien dit ál die dimensies van menswees aanspreek: liggaam siel en gees. In die volgende afdeling sal hierdie drie vlakke van menswees volledig ondersoek en gedefinieer word.

## 2.4 Die mens as liggaam, siel en gees

Die mens bestaan uit drie dele: liggaam, siel en gees. Ook in die Woord van God word die mens in 1 Thessalonicense 5:23 as 'n driedimensionele wese omskryf: "En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle GEES en SIEL en LIGGAAM geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms

van onse Here Jesus Christus!" (My uitheffing - GM.) Die mens is dus liggaam en siel en gees.

In die Bybel (1 Thessalonicense 5:23) is die woord "soma" in Afrikaans met "liggaam" vertaal. Deur die liggaam maak die mens met die tasbare kontak en dit vind deur die vyf sintuie plaas: gesig, gehoor, reuk, smaak en gevoel. Volgens Vine (1981) verwys die woord "soma" onder andere na die "physical nature" van die mens "as distinct from *pneuma*, the spiritual nature" (Vine se kursivering). Die liggaam van die mens, hierdie "physical nature", is saamgestel uit elemente van die aarde[14]. Om die liggaam in 'n goed funksionerende toestand te hou, moet 'n behoorlike dieet en die nodige oefening gevolg word. Die moderne mens se geneigdheid is egter tot gemorskos. Sódoende word die liggaam van lewensnoodsaaklike voedingstowwe weerhou. Voorts is die mens ook dikwels nie lus en meestal te lui om op 'n gereelde basis te oefen. Joyner (1986:96) meen dat "(d)iscipline is required to maintain a healthy diet and proper exercise." (Liggaamlike) dissipline is 'n voorvereiste vir gesondheid in die liggaamsdimensie.

Siel kan na die woord "psuche" teruggevoer word. In die <u>Enhanced Strong's Lexicon</u> word siel só omskryf: "the seat of the feelings, desires, affections, aversions". Vine (1981) gee die volgende verklaringe van die woord siel: "the natural life of the body ... the immaterial, invisible part of man ... the disembodied

---

[14] Genesis 2:7: "En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde".

(or 'unclothed' of 'naked'[15]) ... the seat of personality ... the seat of sentient element in man, that by which he perceives, reflects, feels, desires ... the seat of will and purpose ... the seat of appetite".

Soos die liggaam moet die siel dus ook gevoed word. In Spreuke 23:6-7 word die verbinding tussen "eet"/"ete" en "siel" direk gemaak:

> 6 Eet nie die brood van een wat afgunstig is nie, en begeer nie sy lekker ete nie. 7 Want soos hy in sy siel bereken, so is hy; eet en drink, sê hy vir jou, maar sy hart is nie met jou nie.

Die siel van die mens vra dus om daagliks gevoed te word. Joyner (1986:96-97) sê die volgende hieroor: "The soul, like the body, is going to become what we feed it. It too has a tendency to desire `junk food' and get to out of shape." Die bestanddele van 'n behoorlike dieet met betrekking tot die sielsdimensie word in 1 Timótheüs 4:6 só voorgehou:

> ... sal jy 'n goeie dienaar van Jesus Christus wees terwyl jy jouself voed met die woorde van die geloof en van die goeie leer waarvan jy 'n navolger geword het. (My onderstreping - GM.)

Satan se einddoel met die sielsdimensie van die mens word in 2 Korinthiërs 11:2-3 eksplisiet uitgespel:

---

15 2 Korinthiërs 5:2-4: "2 Want om hierdie rede sug ons ook en verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word, 3 as ons ten minste gekleed en nie naak bevind sal word nie. 4 Want ons wat nog in die tent is, sug en voel beswaard, omdat ons liewer nie ontklee nie, maar oorklee wil word, sodat die sterflike deur die lewe verslind kan word."

2 Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel. 3 Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva[16] deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus.

Die satan probeer die eenheid wat die mens in Christus het, verbreek deur die denke af te trek van Christus. Die Amplified Bybel vertaal hierdie vers soos volg: "so your minds may be corrupted and seduced from wholehearted and sincere and pure devotion to Christ". Hierdie werkwyse van satan kan as 'n voorbeeld van di-visie[17], Joyner (1995:80) praat van "loss of vision[18]", gesien word met as eindresultaat vervreemding van Christus. Die Message (1993:454) voeg by dat dit veral weglokking is van die mens se liefde vir Christus: "you are being lured away from the simple purity of your love for Christ".

Volgens Norden (1996:1) is die mens se denke (lees sy siel - GM) direk gekoppel aan die verwysingsraamwerk waarbinne hy leef en daagliks keuses moet maak. Hy meen voorts dat die verwysingsraamwerk, onder andere, verwys na my ouerhuis, my kerk, my bevolkingsgroep, my geslag en my ouers se politieke oortuigings wat my beïnvloed het. Binne hierdie raamwerk neem die mens dan besluite. Daar is duidelike gevare aan verbonde as besluitneming vanuit die sielsdimensie nie in

---

16 Vergelyk Génesis 3:4 (Amplified): "But the serpent said to the woman, You shall not surely die".

17 "di" met die betekenis van twee.

18 Dit word volledig in afdeling 2.5.4 bespreek.

direkte lyn is met die wysheid wat van God af is nie. Jakobus 3:13-16 (Amplified) wys die gevare duidelik uit en verbind dit selfs aan verwarring[19]:

> 13 Who is there among you who is wise and intelligent? Then let him by his noble living show forth his [good] works with the [unobtrusive] humility [which is the proper attribute] of true wisdom. 14 But if you have bitter jealousy (envy) and contention (rivalry, selfish ambition) in your hearts, do not pride yourselves on it and thus be in defiance of and false to the Truth. 15 This [superficial] wisdom is not such as comes down from above, but is earthly, unspiritual (animal), even devilish (demonical). 16 For wherever there is jealousy (envy) and contention (rivalry and selfish ambition), there will also be confusion (unrest, disharmony, rebellion) and all sorts of evil and vile practices.

Die sielsdimensie is 'n uiters belangrike faset van menswees. Dit is veral hier waar die mens behoorlik moet waak[20] sodat die siel nie besoedel word met wêreldse denke en gedagtes nie. Die siel van die mens moet aanhoudend gevoed word met die Lewende Woord, met Jesus Christus. Psalm 19:8 en Psalm 119:25 spel hierdie gedagte onteenseglik uit: "Die wet (Woord - GM) van die HERE is volmaak: dit verkwik (herstel - GM) die siel" (Psalm 19:8); "My siel kleef aan die stof; maak my lewend na u Woord" (Psalm 119:25). Die rede hoekom die siel aanhoudend met Woord, met Biblio, gevoed moet word, is dus omdat dit aan die stof, die vlees, die ego, die self, die ou natuur, die eie-ek, die mens van sonde, die eerste Adam verkleef is (vergelyk ook Van Zyl 1998:114). Psalm 44:26 stel dit onomwonde:

---

19 Verwarring (confusion) sal later onder die hoofstuk 'Satan se strategie' bespreek word as een van die vooraffases wat uiteindelik (kan) uitloop op selfvernietiging.

20 (Be)werk en (be)waak word in Genesis 2:15 as die eerste opdrag aan die mens voorgehou. Dit is dus hier veral die siel wat bewerk en bewaak moet word.

“Want ons siel is in die stof neergebuig; ons buik kleef aan die aarde.” (My onderstreping - GM.) Hierdie stof is die voedingsbron vir die duiwel. Reeds in Génesis 3:14 is stof aan die duiwel as habitat gegee en dit is juis daar waar hy beweeg en opereer:

> Toe sê die HERE God aan die slang: Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die vee en al die diere van die veld. Op jou buik moet jy seil, en stof moet jy eet al die dae van jou lewe. (My onderstreping - GM.)

Stofgedagtes moet dus aanhoudend met Christusgedagtes vervang word. Dit kan volgens Van Zyl (1998:115) die vernuwing van die denke (lees ook siel - GM) genoem word. Romeine 12:2 noem dit die “vernuwing van julle gemoed”. In die Message word dit pragtig verwoord:

> So here’s what I want you to do, God helping you: Take your every day, ordinary life - your sleeping, eating, going-to-work, and walking-around life[21] - and place it before God as an offering. Embracing what God does for you is the best thing you can do for him. Don’t become so well-adjusted to your culture that you fit into it without even thinking[22]. Instead, fix your attention to God. You’ll be changed from the inside out. Readily recognize what he wants from you, and quickly respond to it. Unlike the culture around you, always dragging you down to its level of immaturity, God brings the best out of you, develops well-formed maturity in you. (Romeine 12:1-2.)

---

[21] Dit is die liggaamsdimensie.

[22] Die sielsdimensie hier.

Psalm 23:3 sê dat dit Hy is wat die mens se siel verkwik. Die Amplified vertaal "verkwik" as "refreshes and restores". Daarom is dit só belangrik dat die mens sal besef dat hierdie verkwikking van die siel deur God 'n duratiewe proses is. Slegs die ingeplante Woord, Biblio, Jesus Christus is in staat om siele te red. Jakobus 1:21:

> Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante Woord, wat in staat is om julle siele te red.

Die Amplified sê:

> receive and welcome the Word which implanted and rooted [in your hearts] contains the power to save your souls

Die redding van die mens se siel is die einddoel van geloof: "en die einddoel van julle geloof, die saligheid[23] van julle siele, verkry" (1 Petrus 1:9).

Wanneer die mens se siel deur God verkwik is én wanneer die mens deur God se toedoen sielsvoorspoed beleef, is daar voorspoed in alles. In die Bybel word hierdie gedagte in 3 Johannes 2 direk só uitgespel:

> Geliefde, ek wens dat dit met jou in *alles* goed mag gaan en dat jy

---

23 "Saligheid" het hier die betekenis van volkome herstel wees. Die Amplified lui só: "[At the same time] you receive the result (outcome, consummation) of your faith, the salvation of your souls."

gesond is, soos dit met jou siel goed gaan.

Gesondheid is dus direk aan die siel gekoppel. Norden (1996:5) meen dat seën en gesondheid direk aan denke en hartgesindheid gekoppel kan word. Sielsgesondheid is 'n voorwaarde dat dit in alles goed sal gaan.

Dit is belangrik dat die mens in sy soeke na sielsgesondheid sal fokus op Jesus Christus. En juis hiér lê die Terapie vir almal. Ook die wete dat die Christen volgens 1 Korinthiërs 2:16 die "sin", "siel", "mind" van Christus het: "Want wie het die sin van die Here geken, dat hy Hom sou kan onderrig? Maar ons het die sin van Christus." Vergelyk ook die Amplified in hierdie verband:

> For who has known or understood the mind (the counsels and purposes) of the Lord so as to guide and instruct Him and give Him knowledge? But we have the mind of Christ (the Messiah) and do hold the thoughts (feelings and purposes) of His heart. (1 Korinthiërs 2:16.)

Die gees van die mens bestaan uit die gewete[24] (dit wat 'n onderskeid maak tussen reg en verkeerd), intuïsie[25] en die kapasiteit vir aanbidding en kommunikasie met

---

24 Vergelyk Paulus se uitsprake in Romeine 9:1: "EK spreek die waarheid in Christus, ek lieg nie - my gewete getuig saam met my in die Heilige Gees -" en Handelinge 24:16: " Daarom oefen ek my ook om altyd voor God en die mense 'n rein gewete te hê." (My onderstreping - GM.)

25 Vergelyk Johannes 11:33:"Toe Jesus haar dan sien ween en die Jode wat saam met haar gekom het, ook sien ween, het Hy geweldig bewoë geword in sy gees en Hom ontstel" en Johannes 13:21: "TOE Jesus dit gesê het, het Hy in sy gees ontsteld geword en getuig en gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, een van julle sal My verraai."

God. Die wedergebore Christen is in staat om met sy gees die geeswêreld te kontak en op dié manier word God tasbaar. Die mens is immers na die Beeld van God geskape (Genesis 1:26) en God is Gees[26]. Norden (1996:3) meen dat 'n mens in die gees 'n wete ervaar wat verder strek as die mens se denke. Voorts is hierdie wete iets wat nie met die denke verduidelik kan word nie en dit kan ook nie met gedagtes uitgedruk word nie. Wat egter belangrik is, is dat die mens dit weet: "Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is" (Romeine 8:16). Die vrug van hierdie wete is vrede en blydskap in die Heilige Gees[27].

Belangrik is die woorde in Hebreërs 4:12:

> Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

Die Amplified verwoord hierdie teks só:

NWU LIBRARY

> For the Word that God speaks is alive and full of power [making it active, operative, energizing, and effective]; it is sharper than any two-edged sword, penetrating to the dividing line of the breath of life (soul) and [the immortal] spirit, and of joints and marrow [of the

---

26 Johannes 4:23-24: "23 Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. 24 God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid."

27 Romeine 14:17: "Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees."

> deepest parts of our nature], exposing and sifting and analyzing and judging the very thoughts and purposes of the heart. (Amplified.)

Dit is dus die Woord wat die skeiding vorm tussen liggaam en siel aan die een kant en gees aan die ander kant (Buscop 1998a:1). Navorser verwerp dus op grond van die Woord van God dat siel en gees nie 'n eenheid is nie, maar dat God se Woord dié twee - siel en gees - skei.

Hierdie verwarring rondom siel en gees word deur Van Zyl (1998:113) só gesê:

> Alle mense en ook die meeste Christene leef deur sintuiglike of verstandskennis. Verskeie teologiese denkrigtings sien die verstand en die gees as dieselfde. Hierdie gedagte kom vanuit die Griekse filosofie, is oorgeneem deur die Kerkvaders en as evangelie in veral Suid-Afrika gepreek. Daarom gaan iemand Universiteit toe om in die Geesteswetenskappe te gaan studeer. Die ontwikkeling van die verstand (geleerdheid) is vir die meeste Suid-Afrikaners die ontwikkeling van die gees. Dit is natuurlik glad nie Skriftuurlik nie. Die verstand en die gees is NIE (sy uitheffing) dieselfde nie.

Die mens se siel en gees is dus onteenseglik geskei deur die Woord van God.

Een van die kardinale vrae wat dan gevra sou kon word, is op watter dimensies van menswees genesing moet plaasvind. Spreuke 4:20-22 stel dit onomwonde dat "My Woorde" 'n genesing is vir die hele[28] liggaam:

---

[28] Liggaam, siel en gees dus.

> 20 My seun, luister na wat ek sê, neig jou oor tot my woorde, 21 laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart. 22 Want hulle is die lewe vir dié wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele liggaam.

Die antwoord is dus: in al drie dimensies. Om as mens maksimaal vir God te leef, moet die mens in sy drieledigheid (liggaam, siel en gees) volkome ontwikkel. Joyner (1986:98) som dié gedagte só op:

> The very weak are ruled by their bodies. They are controlled by impulses, habits and fleshly desires ... Others are ruled by the soul - emotions, feelings and opinions. But the Lord has called us to walk by the Spirit[29] ... The Lord desires for us to have a healthy body, soul and spirit subjected to His Spirit.

Dit is die hartsbegeerte van die Here dat die mens in al drie dimensies gesond moet wees.

Satan se werkwyse om die mens stelselmatig te vernietig, sal vervolgens aangebied word.

## 2.5 Satan se strategie

Hierdie gedeelte dien primêr as 'n waarskuwing om lesers attent te maak op die

---

[29] Romeine 8:14: "Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God."

werkwyses wat die satan volg om mense uiteindelik te vernietig[30]. Daarom is dit uiters belangrik dat die mens bedag en voorbereid sal wees met satan se aard en strategie soos wat dit in 2 Korinthiërs 2:10-11 uitgespel word: "10 dit was om julle ontwil voor die aangesig van Christus, sodat ons nie deur die satan bedrieg sou word nie; 11 want ons is met sy planne nie onbekend nie." Satan se uiteindelike doel met elke mens is selfvernietiging en dit is altyd op die leuen gebaseer. Satan is immers die vader van die leuen[31].

Die plan van satan word in 1 Petrus 5:8-9 (Amplified) duidelik uitgespel:

> Be well balanced (temperate, sober of mind), be vigilant and cautious at all times; for that enemy of yours, the devil, roams around like a lion roaring [in fierce hunger], seeking someone to seize upon and devour. 9 Withstand him; be firm in faith [against his onset - rooted, established, strong, immovable, and determined], knowing that the same (identical) sufferings are appointed to your brotherhood (the whole body of Christians) throughout the world.

Dit wil voorkom asof satan juis die kinders van die Here as teikengroep uitgekies het. Dat satan toenemend sukselvol is, blyk duidelik uit die beskikbare statistiek oor selfmoord (kyk 2.2) en juis daarom is dit só belangrik dat die Christen "nugter en waaksaam" en "standvastig in die geloof" moet wees.

---

30 Lees ook as "verslind".

31 Johannes 8:44 kan dit nie duideliker uitspel nie: "Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan."

Selfmoord wat die konkrete uitvoering van selfvernietiging is, word deur 'n aantal fases voorafgegaan. Dit is 'n proses waar ('n) ander gees(te) as die Heilige Gees gebruik word om stelselmatig die mens se lewe te domineer, te manipuleer en uiteindelik volledig te kontroleer. In Efesiërs 6:12 word daar juis gesê dat die worstelstryd[32] van die mens "teen die bose geeste in die lug" is. Hierdie "bose geeste" is dan die teenpool van die Heilige Gees.

Joyner (1995:80) noem dat hulle werkwyse normaalweg in die volgende orde voorkom: "discouragement" (moedeloosheid), "confusion" (verwarring), "depression" (depressie), "loss of vision" (verlies van visie), "disorientation" (disoriëntasie), "withdrawal" (onttrekking), "despair" (wanhoop) en uiteindelik "defeat" (vernietiging van die self). Dit is belangrik om te noem dat dié fases primêr in die sielsdimensie plaasvind en daar geïdentifiseer moet word. Elkeen van hierdie fases sal vervolgens onder die loep geneem word.

NWU LIBRARY

[32] Lees die volgende: "The demonic army was so large ... It was seperated into divisions, with each carrying a different banner. The foremost divisions marches under the banners of Pride, Self-righteousness, Respectability, Selfish Ambition, Unrighteous Judgment, and Jealousy ... The weapons carried by this horde were also named. The swords were named Intimidation; the spears were named Treachery; and the arrows were named Accusation, Gossip, Slander and Faultfinding. Scouts and smaller companies of demons with such names as Rejection, Bitterness, Impatience, Unforgiveness and Lust were sent in advance of this army to prepare for the main attack ... The primary stategy of this army was to cause division on every possible level of relationship - churches with each other, congregations with their pastors, husbands and wives, children and parents, and even children with each other ... The most shocking part of this vision was that this horde was not riding on horses, but primarily on Christians." (Joyner 1996:16-17.)

### 2.5.1 Moedeloosheid

'n Krisis is dikwels die begin van die hele proses. Wanneer `n mens in `n krisis beland, behoort daar aktiewe keuses gemaak te word om die oplossing daarvoor te kry. Leiding word by enige krisis deur die Woord[33] aangebied, maar daar is ook `n versoeking[34] om die verkeerde keuses te maak. Cole (1993:41) noem hierdie soort van keusemaking "degenerative decisions" en dat só 'n tipe van besluitneming geneem word in "a time of great stress, anxiety (and) out-and-out weariness[35]". Omdat dit verkeerde keuses is wat ook onder groot druk en spanning gemaak is, bring dit dan dikwels moedeloosheid. Moedeloosheid kan as die eerste fase onderskei word.

Die HAT (1994:671) omskryf moedeloos as "sonder vertroue, hoop, moed". `n Mens wat verkeerde keuses gemaak het, kan sy vertoue in die Bybel as die onfeilbare Woord van God verloor en moedeloos wees om weer die lewe aan te pak en sy foute te probeer herstel. Dit word veral bemoeilik omdat die duiwel altyd in 'n mens se siel die gedagtes plant dat dit `n goeie keuse was. Die moontlike

---

33 Onder Woord word hier verstaan: God die Vader, Jesus Christus die Here, die Heilige Gees en die Bybel.

34 Satan word in Matthéüs 4:3 die "versoeker" genoem.

35 Vergelyk 2 Samuel 17:2 (Nuwe Vertaling): "Ek sal hom oorval terwyl hy moeg en moedeloos is. Ek sal verwarring in sy geledere skep, sodat die hele volk wat by hom is, sal vlug en ek die koning kan doodmaak waar hy alleen is." Hier word moegheid en moedeloosheid direk aan mekaar verbind.

gevolg is dat die mens moedeloos sal voel.

Moedeloosheid is `n gevoel wat alle mense op een of ander tyd en om verskillende redes ervaar, maar Joyner (1995:82) hou vol dat aanhoudende gevoelens van moedeloosheid sonder enige bepaalde rede `n geestelike aanranding kan wees. Die gevoel van magteloosheid teen die eise en druk wat op `n mens geplaas word, mag `n aanduiding wees dat die mens met die eerste van die "pyle" (vergelyk Joyner 1995:80) geskiet word. Op hierdie stadium voel die aangerande persoon dat daar nie meer `n uitweg uit probleme is nie. Dit berei `n mens voor vir die volgende stap.

Twyfel is dikwels die oorsaak vir moedeloosheid. Satan sal hier probeer om in die mens se gedagtes 'n vraagteken te plaas rondom die beloftes wat vir die gelowige in die Woord van God opgesluit lê. Dit vind in die siel plaas. In Númeri 21:4 (KJV) word moedeloosheid direk aan die siel van die mens verbind:

> And they journeyed from mount Hor by the way of the Red sea, to compass the land of Edom: and the soul of the people was much discouraged because of the way. (My onderstreping - GM.)

In die Ou Vertaling is hierdie moedeloosheid met ongeduld[36] vertaal. Cole

[36] In Sagaría 11:8 word ongeduld direk met die siel van die mens verbind: "En ek het die drie herders in een maand vernietig. Toe het my siel ongeduldig geword oor hulle, terwyl hulle siel ook van my afkerig geword het."

(1993:44) sê in dié verband: "Impatience is a costly vice. Impatience is a facet of unbelief. Unbelief is the basis for sin ... Some people don't pray long enough, believe long enough, trust long enough, hold on long enough, or wait long enough, and lose instead of win." Ongeduld en moedeloosheid veroorsaak ook dat daar nie geluister word nie (vergelyk Exodus 6:8).

Die belofte van die Here in Sefanja 3:16-17 (Nuwe Vertaling) is dat in 'n tyd van moedeloosheid die Here nog steeds by die mens is:

> 16 Daardie dag sal daar vir Jerusalem gesê word: Moenie bang wees nie, Sion, moenie jou hande moedeloos laat hang nie! 17 Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou .

Indien die teendeel deur die toedoen van die duiwel in die mens se gedagtes geplaas word, naamlik dat die Here nié meer by 'n mens is nie in tye van moedeloosheid, lê die finale keuse om dit te glo of nié nog steeds by die mens self.

Joyner (1995:88-89) se opmerking rakende moedeloosheid is uiters belangrik:

> Discouragement *never* (sy kursivering - GM) comes from God; He is the author of faith and hope which never disappoints. He does discipline us when we need it, but He never does this by afflicting us with discouragement ... Discouragement is nowhere named as the wisdom that comes from above, and is not a fruit of the Spirit. We must learn to quickly and instinctively reject discouragement and give

> it no place in our thoughts - we must resist it[37]. We will be led by what we think or feel; we must take every thought captive and make them obedient to Christ. We must never allow discouragement to dictate our course. FAITH (sy uitheffing - GM) is the fruit of the Spirit and the shield of our armor that counters discouragement. If we begin to get discouraged it is because we have dropped our shield[38]. Pick it back up!

Na moedeloosheid volg die volgende fase: verwarring.

### 2.5.2 Verwarring

In die HAT (1994:1202) word die woord 'verwar' omskryf as "in die war bring, raak; deurmekaar maak; verleë maak; van stryk af bring ... iemand aansien vir iets, iemand anders ... nie duidelik, helder nie". Hierdie passiewe handeling vind in die sielsdimensie plaas en word deur die satan in die mens se gedagtes geplaas.

Sodra die mens moedeloos is en bly, lei dit tot verwarring. Verwarring vind in 'n oomblik plaas wanneer die mens nie meer beheer oor sy denke en emosies het nie. Dit word veral aangehelp deur die onsekerheid wat in die gedagtes bestaan oor die keuses wat gemaak is. Die uiteinde is dat so `n mens die Skeppersdoel begin mis en sodoende begin rigting verloor. Die ewige doel van God is immers 'n

---

37 Jakobus 4:7 is in hierdie verband insiggewend: "Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug."

38 Hier word natuurlik verwys na die "skild van die geloof" (Efesiërs 6:16).

mens in Sy Beeld. Vergelyk Genesis 1:26-27:

> 26 En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. 27 En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

NWU LIBRARY

en Romeine 8:28-29:

> 28 En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is. 29 Want dié wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders.

Die primêre doelwit van God met die mens word deur Cole (1993:55) só geformuleer: "God's primary, fundamental goal for our lives is to bring us into a close relationship with Him." As die mens in 'n toestand van verwarring verkeer, is daar uiteraard geen sprake van verhouding nie. Sódoende word die primêre skeppingsdoel gemis.

Joyner (1995:82) sê dat "confusion is meant to compound the discouragement, making us even weaker and more vulnerable to further attack". In Jakobus 3:16 word jaloesie, afguns, vergenoegdheid, mededinging en selfsug as die oorsaak vir verwarring aangevoer. Vergelyk die Amplified in hierdie verband:

> For wherever there is jealousy (envy) and contention (rivalry and selfish ambition), there will also be confusion (unrest, disharmony, rebellion) and all sorts of evil and vile practices. (Jakobus 3:16.)

Oor verwarring het Joyner (1995:89) die volgende te sê:

> Remember that 'God is not the author of confusion' and what you are being hit with is not coming from Him. In the military, one of the primary elements of battle that a soldier is trained to handle is confusion. There will rarely be a battle when there is no confusion; nothing will ever go exactly as planned, and the same is true in spiritual warfare. The disciplined soldier who understands this aspect of warfare learns to use the confusion to his own advantage. He does not let it increase his discouragement, but begins to anticipate it, looking for an opportunity to gain an advantage over the enemy. We must learn to expect confusion as part of the battle and not be surprised or affected by it. Our resolve to stand and fight will quickly dispel this aspect of the attack.

Word die verwarring wat bestaan, nie hok geslaan nie, lei dit tot depressie.

### 2.5.3 Depressie

`n Ondersoek na die moontlike oorsake van selfmoord dui aan dat depressie die grootste oorsaak kan wees. Dit verg dat daar deeglik gekyk word na depressie sodat die oorsake daarvan vasgestel kan word. Depressie word in die HAT (1994:137) omskryf as "teneergedruktheid van die gemoed". Volgens Stupple (1987:65) is depressie by tieners " `n gevolg van biochemiese veranderinge". Uit

hierdie twee omskrywings kan afgelei word dat depressie op die liggaams- en die sielsvlakke funksioneer. Van Niekerk (1981:175) meen verder dat dit `n gebrek aan geestelike en emosionele voeding is, wat tot selfmoordpogings by kinders en tieners lei. Die derde vlak van menslikheid, die geesdimensie, word hierdeur ook ingesluit.

Ackermann (1988:16) voer aan dat verskeie ondersoeke `n hoë voorkoms van depressie toon. Depressie is die gevolg van moedeloosheid en verwarring. Volgens Joyner (1995:82-83) is dit `n probleem wat in beide die liggaams- en die sielsvakke funksioneer. Op die liggaamsvlak manifesteer dit deur gedragsveranderinge soos versteurde eet- en slaappatrone; op die sielsvlak word dit onder andere deur rusteloosheid, verveeldheid, swak konsentrasie en veranderinge in gemoedstoestand gekenmerk.

In Psalm 44:25 ("For our soul is bowed down to the dust: our belly cleaveth unto the earth") kan die woorde "bowed down" teruggevoer word na die woord `shuwach' wat onder andere beteken "depression of the mind" (Enhanced Strong's Lexicon). Depressie vind dus in die sielsdimensie plaas en dit is voorts direk aan stof - die habitat van die duiwel - verbind.

Spreuke 12:25 verbind depressie met "anxiety", "heaviness" en "bekommernis". Vergelyk die NKJV en die KJV onderskeidelik: "Anxiety in the heart of man causes depression, But a good word makes it glad." en "Heaviness in the heart of man

maketh it stoop: but a good word maketh it glad." Dit is dus onder andere "anxiety", "heaviness", "bekommernis" wat depressie veroorsaak.

1 Petrus 5:7 sê: "Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle." Al die mens se bekommernisse moet dus op Hom, op Jesus gewerp word. In die Amplified word hierdie teks só geformuleer:

> Casting the whole of your care [all your anxieties, all your worries, all your concerns, once and for all] on Him, for He cares for you affectionately and cares about you watchfully. (1 Petrus 5:7.)

Bekommernisse, "anxieties", "worries", "concerns", mismoedigheid en verwarring vorm die fondasie vir depressie. Indien dit nie op Jesus geplaas word nie, is verlies van visie die resultaat.

### 2.5.4 Verlies van visie

Toenemende depressie veroorsaak dat 'n mens begin wonder of daar in die eerste plek `n Goddelike rede vir bestaan is. Hierdie twyfeling veroorsaak dat die vorige fases (moedeloosheid, verwarring en depressie) `n meer destruktiewe uitwerking op die mens het. Die mens word deur die bestaan van wêreldse versoekinge deur

die bose[39] verwar en só maak Bybelse visie vir wêreldse, duiwelse visie plek. Op so `n manier word Christus as eindfokuspunt verloor terwyl die duiwel sy aanslag en greep versterk deur die mens se verwarring te vermeerder.

Daarom is dit uiters belangrik dat die mens sy Bybelse visie daagliks moet vernuwe en versterk. Dit is veral die sielsdimensie wat daagliks vernuwe moet word: "Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is." (Romeine 12:2 - Nuwe Vertaling.) Hierdie is 'n belangrike handeling wat kontinu moet plaasvind sodat die mens die Goddelike visie kan bewaak en bewaar.

NWU LIBRARY

Cole (1993:20-21) wys op die belangrikheid om God se visie allereers deelagtig te word:

> We need to gain God's perspective. When we tear ourselves away from our own thoughts, perceptions, imaginings, and fears to focus on God's Word, we begin to see from His heavenly perspective and not our limited, earthly view. That's why reading God's Word is so vital. We must read and feed on His Word[40]. Do it in the times of

---

39 Vergelyk 1 Johannes 5:19: "Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê."

40 Die les wat in Lukas 4:2-4 geleer kan word, is dat Jesus vir 40 dae nie geëet het nie, in die liggaam dus uiters swak was, en daarna deur die duiwel versoek is. Jesus se antwoord was: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God" (vers 4).

contentment and ease to prepare for the times of adversity.

In die Woord van God in Kolossense 1:26-27 (Message) is die visie van God immers duidelik uitgespel - Christ! No more, no less:

> This Mistery has been kept in the dark for a long time, but now it's out in the open. God wanted everyone, not just Jews, to know this rich and glorious secret inside and out, regardless of their background, regardless of their religious standing. The mystery in a nutshell is just this: CHRIST IS IN YOU, therefore you can look forward in sharing in God's glory. It's that simple. That is the substance of our Message. We preach CHRIST, warning people not to add to the Message. We teach in a spirit of profound common sense so that we can bring each person to maturity. To be mature is to be basic. CHRIST! No more, no less. That's what I'm working so hard at day after day, year after year, doing my best with the energy God so generously gives me.

Dit is juis hierdie visie wat in 'n tydperk van moedeloosheid, verwarring en depressie geroof[41] word. En as die mens toelaat dat die visie - Jesus Christus - verlore raak[42], is die volgende fase disoriëntasie.

### 2.5.5 Disoriëntasie

---

41 In Matthéüs 13:19 word die Bose, die duiwel juis as 'n rower uitgewys : "As iemand die woord van die koninkryk hoor en nie verstaan nie, kom die Bose en roof wat in sy hart gesaai is - dit is hy by wie langs die pad gesaai is."

42 Vergelyk Spreuke 29:18 in die KJV: "Where there is no vision, the people perish". In die lyn van die argument is "perish" dan uiteindelik selfvernietiging.

In die HAT (1994:153) word disoriëntasie só gedefinieer: "Toestand waarby die besef van plek, tyd of eie persoon verlore is." Hierdie toestand is die gekulmineerde resultaat van moedeloosheid, verwarring, depressie en die verlies van visie. In hierdie fase is die visie nie alleen verloor nie, maar die vermoë om die visie terug te kry, is (meestal) afwesig. In hierdie fase is die Gees van God afwesig en uit die Skrif vind geen openbaringskennis[43] meer plaas nie. Selfs die Bybel bedien dus op hierdie stadium dood omdat die Gees van God afwesig is. Joyner (1995:83) verwoord dit só: "The Scriptures will no longer speak to us, we will not trust the Lord's voice and even the most anointed teaching and preaching will seem irrelevant. This is the point of spiritual incapacitation, the inability to function." Na hierdie fase is die volgende stap: onttrekking.

### 2.5.6 Onttrekking

Hierdie fase neem 'n aanvang wanneer die mens hom allereers begin onttrek van die primêre skeppersdoel. Die ewige doel van God is 'n mens na Sy Beeld. Daar is twee kardinale Bybeltekste wat dit uitspel:

> 26 En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons

---

[43] 'n Mens kan hierdie gedagte ook sien in die lig van 2 Korinthiërs 3:6: "wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van 'n nuwe testament, nie van die letter nie, maar van die gees; want die LETTER MAAK DOOD, maar die GEES MAAK LEWEND." (My uitheffing - GM.)

> gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. 27 En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. (Génesis 1:26-27.)

en

> 28 En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is. 29 Want dié wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders. (Romeine 8:28-29.)

Daarom is die primêre doelwit van die mens om verhouding met Hom te hê, want ons is "verordineer (beveel, gelas - GM) om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun" - Jesus Christus.

Onttrekking manifesteer in die familie en die daaglikse lewe. Veral met die mens(e) met wie daar op 'n gereelde basis 'n noue verhouding bestaan. Van Aardweg (1982:155) praat van "a chain reaction of the dissolution of any remaining social[44] relationships ... leading to the 'no hope' feeling". Onttrekking lei dan vervolgens tot wanhoop.

## 2.5.7 Wanhoop

[44] Dit sluit uiteraard ook die "spiritual relationship" in.

Wanhoop beteken letterlik sonder hoop. Die HAT (1994:1261) sê dat wanhoop 'n toestand is waarin 'n mens geen uitkoms of redding meer moontlik ag nie; dit is 'n diepe vertwyfeling. In Prediker 2:20 word die kernoorsaak van hierdie vertwyfeling, van wanhoop, uitgespel: "Ek het in vertwyfeling geraak oor alles waarmee ek my met soveel sorg in hierdie wêreld besig gehou het." Die "alles" waarna hier verwys word, is ál die dinge van die wêreld[45]. In 'n toestand van vertwyfeling, van wanhoop kan die mens immers net op God vertrou:

> 10 Ek het in U bly glo, selfs toe ek gedink het dit is klaar met my 11 en toe ek in my vertwyfeling besef het: ek kan op geen mens staat maak nie (Psalm 116:10-11).

Hoop is een van die kernbestanddele van geloof. Wanhoop is dus 'n teenpool van geloof. Geloof word in Hebreërs 11:1 só omskryf:

> DIE geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Die Amplified verwoord dit soos volg:

> Now faith is the assurance (the confirmation, the title deed) of the things [we] hope for, being the proof of things [we] do not see and the conviction (oortuiging) of their reality [faith perceiving as real fact

---

45 Onthou 1 Johannes 5:19: "Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê."

what is not revealed to the senses].

Onttrekking van hoop lei tot wanhoop: "Withdrawal from the battle[46] leads quickly to hopelessness, and without hope we can easily be taken out by the enemy, either through temptation, sickness or death. Even science has proven that when hope is removed, often the most healthy person will quickly deteriorate and die. With hope, men and women have lived long past the point when a normal body would have quit." (Joyner 1995:84.)

Na wanhoop bly die vernietiging van die self; die destruktiewe fase oor.

### 2.5.8 Vernietiging van die self

Die vernietiging van die self is een van die hoogste manifestasievorme van towery. Volgens Buscop (1998b:20) kan towery só omskryf word: "Towery is wanneer ons 'n gees gebruik wat nie die Heilige Gees is nie om sodoende ander mense te domineer, manipuleer en uiteindelik te kontroleer." Hierdie (bose) gees domineer,

---

46 Ware geloof is 'n stryd. 1 Timótheus 6:12 sê: "Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het." Wat is die Ewige Lewe? Die antwoord op hierdie vraag is in Johannes 17:3: "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het." Die Ewige Lewe is dus om God en Jesus te ken, om met Hom verhouding te hê.

manipuleer en kontroleer 'n mens uiteindelik op só 'n mate dat dit die persoon tot selfmoord as die enigste uitweg oorreed.

Daarom is dit nie vreemd nie dat dit die sonde van towery was wat uiteindelik gelei het tot Saul se selfvernietiging[47]. 1 Samuel 15:23 sê: "Want wederstrewigheid (rebellie - GM) is 'n sonde van waarsêery (towery - GM), en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp." Na hierdie sonde van towery gebeur die volgende met Saul: "MAAR die Gees van die HERE het van Saul gewyk, en 'n bose gees, deur die HERE gestuur, het hom verskrik." (1 Samuel 16:14.) En dit is hierdie "bose gees", satan, ín Saul wat hom uiteindelik tot selfvernietig dwing: "En Saul het aan sy wapendraer gesê: Trek jou swaard uit en deurboor my daarmee, anders kom hierdie onbesnedenes en deurboor my en dryf die spot met my. Maar sy wapendraer wou nie, omdat hy baie bevrees was. Daarop neem Saul die swaard en val daarin." (1 Samuel 31:4.)

Selfs van die grootste geloofshelde[48] het hierdie stap al oorweeg. Dit is egter slegs die Gees van God wat 'n mens se fokus op Jesus Christus kan herstel.

---

47 Lees ook selfmoord.

48 Vergelyk Job 9:21: "Ek gee nie meer om vir my lewe nie, ek wil nie meer lewe nie", 1 Konings 19:4: "maar self het hy 'n dagreis ver die woestyn ingegaan en daar onder 'n besembos gaan sit en gewens dat hy mag sterwe. En hy sê: Dit is genoeg, neem nou my siel weg, HERE, want ek is nie beter as my vaders nie" en Jona 4:3: "o Here, neem dan nou tog my siel van my weg, want dit is vir my beter om te sterwe as om te lewe."

Joyner (1995:81) wys uit: "We are defeated by the enemy when he can get us to respond in any spirit other than the Holy Spirit, whose fruit is love, joy, peace, etc. The enemy's strategy is to get us to depart from the fruit of the Holy Spirit and try to combat him on his own terms. Satan cannot cast out Satan; resentment will never cast out Jezebel - it will only increase her power." Dit is hierdie "resentment", die gekrenktheid, die wrok, die teensin, die afkeer in en van die lewe wat slegs deur die Heilige Gees[49] oorkom en oorwin kan word.

In die volgende hoofstuk sal die jeugboek Post Mortem van Junita Joubert Biblioterapeuties onder die loep geneem word.

---

[49] Al werk wat die Heilige Gees doen, is om van Jesus te getuig en Hom te verheerlik. Sodoende kan sy Werk onder andere saamgevat word as die terugbring na Christus. Vergelyk die volgende tekste: "en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel" (Johannes 16:8) en "13 Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. 14 Hy sal My (Jesus - GM) verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig." (Johannes 16:13-14.)

# HOOFSTUK 3

# Post Mortem Biblioterapeuties[50] beskou

## 3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal daar 'n poging aangewend word om aan die hand van die boek Post Mortem van Junita Joubert aan te toon dat hierdie boek vanuit 'n Christussentriese perspektief vir Terapie rakende selfmoordvoorkoming by tieners gebruik kan word. Die leser sal ook attent gemaak word op die verskillende fases wat uiteindelik tot selfvernietiging lei.

## 3.2 'n Biblioterapeutiese lesing van Post Mortem

`Post mortem' beteken letterlik 'n nadoodse ondersoek, 'n lykskouing, 'n outopsie. Die hoofkarakter in die boek is die tienerdogter Morag wat haar eie lewe neem. Hierdie nadoodse ondersoek is hoofsaaklik 'n selfevaluering van die oorblywende karakters met 'n primêre fokus op die algemene vraagsin: "As ons net kan weet

---

50 Die rede vir die hoofletter is dat boekgenesing altyd moet geskied met die Bybel as basisbron. Dit is wat Buscop (1998a:2) Metabiblioterapie noem.

wáárom" (p. 29). Die selfondersoek vind deurgaans in die liggaams- en sielsdimensie plaas. Plek-plek word daar ook terugskouend verwys na die liggaams- en sielstoestand van Morag. Die boek fokus egter hoofsaaklik op die vasstel van die oorsaak van hierdie selfvernietigende daad.

Selfondersoek[51] en kommunikasie ([52]in die geesdimensie[53]) met die Here[54] is in Post Mortem dikwels beperk tot hulpkrete: "O, Here, help ...!" (p. 16); "Ag, liewe Here ... wát!" (p. 17); "Ag, Here, Here!" (p. 38);"Ag, Here" (p. 41); "Ag, Here" (p. 56); "Ag, liewe Here, ek wil tog net slaap" (p. 68); "Ag, Here" (p. 75). In die HAT (1994:31) word die woord "ag" met ontevredenheid verbind. In die konteks van 'n gesprek met die Here is dit dus eintlik 'n uitspraak van ontevredenheid. Dit is asof die blaam, die misnoegdheid telkens voor die deur van die Here geplaas word. Veral die volgende aanhaling bevestig dié gedagte: "Hoe kan U ons so reddeloos uitlewer aan 'n noodlot, Here?" (p. 73.)

---

51 Selfondersoek is belangrik: "Ondersoek julself of julle in die geloof is; stel julself op die proef. Of is julle nie seker van julself dat Jesus Christus in julle is nie - as julle ten minste nie verwerplik is nie!" (2 Korinthiërs 13:5.) Die wete dat Christus ín die gelowige (die pasiënt) is (Kolossense 1:27), moet deurgaans deur die Terapeut beklemtoon word.

52 Die rede vir die hakies is die afwesigheid van kommunikasie in die geesdimensie in die meeste gevalle. Die mens aanbid God dan nié in die geesdimensie nie, maar slegs in die liggaams- en sielsdimensie. Só 'n tipe van aanbidding is futiel - kyk die volgende voetnoot.

53 "God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid." (Johannes 4:24.)

54 Matthéüs 11:28-29: "28 Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. 29 Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele".

Cole (1993:23) sê in hierdie verband:

> (S)ome men[55] make mistakes, create their own tragedies out of their own folly, then blame the results of their own failures and losses on God. God is not a scapegoat for failure. God is the source of our successes. To make God the scapegoat for our failures is to eliminate His ability to be the source of our solutions. God never fails. To accuse God of failure is to accuse him of not being God.

Vergelyk ook Spreuke 19:3[56] in dié verband: 'n Mens se sotheid bederwe sy weg, maar sy hart is vertoorn op die HERE." Die mens is dus sélf verantwoordelik vir die keuses wat hy of sy in sy of haar lewe maak.

NWU LIBRARY

Die ontstellende gebeurtenis van die selfmoorddaad word só deur Louise, Morag se ma, ervaar: "Toe sy orent kom, knal die skoot. Vir 'n oomblik staan Louise versteen van die skrik, registreer haar verstand net mooi niks. Wát ...?" (p. 14.) Die aanvanklike onsekerheid oor die wie, word dan op 'n ontstellende manier realiteit: "Maar sy stoot die kamerdeur oop. Morag! Sy sien haar nie dadelik nie, maar toe sy haar sien, skeur die gil hoog en sidderend deur haar bors. `My kind, my kind, liewe Here, help, my kínd ...!'" (p. 16.) Dit is dan na aanleiding van hierdie gebeure waarop die verhaal hoofsaaklik vanuit 'n agternaperspektief aangebied word.

---

55 Lees as mense - GM.

56 Die <u>Message</u> en die <u>Amplified</u> lui onderskeidelik só: "People ruin their lives by their own stupidity, so why does God always get blamed?"; "The foolishness of man subverts his way [ruins his affairs]; then his heart is resentful and frets against the Lord."

In die inleidingshoofstuk is dit duidelik dat Morag tekens van moedeloosheid en depressie toon. Die onkundigheid[57] lê veral daarin dat almal dink dat dit spanning oor die eksamen is: "Sy kan sien dat Morag gespanne is." (p. 6.) Later verwys Louise selfs na vrees: "Vang die ou eksamenvrees jou?" (p. 7.) Versteurde eetpatrone is 'n duidelike manifestasie van depressie (vergelyk 2.5.3). Morag toon beslis tekens hiervan: "`Wat kan ek vir jou by die tee gee?' vra Louise. `Dis eintlik laat genoeg vir 'n ontbyt!' `Ek is nie ... honger nie, Mamma.' `Jy eet nie baie goed nie, my kind." (p. 7.)

Ook in die Bybel kan 'n soortgelyke situasie (depressie en versteurde eetpatrone) met die nodige Terapie gevind word. Nadat Elía in 1 Konings 19:4 "wens dat hy mag sterwe", is die Here se Terapie belangrik: "Staan op!" (vers 4) - dit is hier 'n bevel van die Here; "En hy (Elía - GM) het geëet en gedrink en weer gaan lê" (vers 6); "Staan op, eet; anders is die pad vir jou te veel. Hy het toe opgestaan en geëet en gedrink" (verse 7-8). Eet en slaap word dus as Goddelike Terapie vir die (depressiewe) mens aangebied. 'n Ongebalanseerde en onreëlmatige dieet veroorsaak immers dat die mens nie in staat is nie om behoorlik te waak oor die liggaams- en sielsdimensie.

Een van die meesterleuens wat só dikwels in die samelewing gebruik en as

---

57 Onkundigheid of dan die gebrek aan kennis word in die Bybel in Hoséa 4:6 só voorgehou: "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet."

masker[58] voorgehou word, is die antwoord op die vraag "hoe gaan dit?": "`Hoe gaan dit met die geskiedenis?' Sy kyk op. `Goed wat, Mamma. Ek is eintlik nie vir die geskiedenis so bang nie ..." (p. 8). Die hoë frekwensie van ellipse in hierdie boek is uiters belangrik. Die gebrek aan kommunikasie en die onkunde daaromtrent is meestal die oorsaak van die gebruik van dié leesteken.

Afwesigheid van behoorlike kommunikasie word juis deur Morag se vriendin, Anske, genoem: "Mamma weet mos dat Morag eintlik nie iemand was wat baie gepraat het oor haar eie sake nie." (p. 80.) Kommunikasie met mense, maar veral met die Here[59], is Terapeuties indien daar probleme in enige van die drie dimensies ervaar word. Die mens is immers met die doel geskape om verhouding (wat kommunikasie impliseer) met God te hê (vergelyk afdeling 2.5.2 vir 'n volledige uiteensetting in dié verband). Verhouding sonder kommunikasie is onmoontlik.

Kommunikasie is 'n voorvereiste vir sukses in die Terapeutiese proses. Daarom het die karakters in die verhaal nie geweet en ná die daad ook nie verstaan nie dat Morag stelselmatig deur die verskillende fases beweeg het wat uiteindelik op

---

58 In Jakobus 1:8 word dit dubbelhartigheid genoem en ook dat die gevolg daarvan is: "onbestendig in al sy weë".

59 In 1 Samuel 3:1 word verwys na 'n kommunikasieskaarste: "EN die seun Samuel het die HERE gedien voor Eli, en die woord van die HERE was skaars in die dae: gesigte was daar nie baie nie." Jesaja 59:2 sê dat ongeregtighede die oorsaak is: "maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie."

selfvernietiging uitgeloop het.

Die dominee gee belangrike wenke rondom kommunikasie en sy raad aan Louise is: "Dit sal baie goed wees as jy praat. Praat oor haar, Louise. Moenie terughou nie!" (p. 26.) Ook tant Martie gee soortgelyke raad aan Santie: "Jy moenie opkrop nie, Santie. As jy wil praat, praat gerus. `n Mens kan nie aanhou[60] terughou nie. Huil as jy wil, my kind ... ek verstaan" (p. 62). En Anske se ma sê: "Huil[61] jou uit, my kind, dis beter as om op te krop."

Indien die kommunikasiedrieluik[62] pasiënt, terapeut en Terapeut afwesig is, is onkunde en verswyging[63] 'n noodwendige gevolg. Verswyging word dan juis 'n inkomplek vir die bose. Psalm 22:25 bied die oplossing, maar daar is ook 'n aktiewe inset (vergelyk my onderstreping - GM) aan verbonde:

> Want Hy het die ellende van die ellendige nie verag of verfoei en sy aangesig vir hom nie verberg nie; maar <u>Hy het gehoor toe dié Hom</u>

---

60 In hierdie konteks behoort dit eerder te lees "'n Mens moet nooit". Fillipense 4:6 sê immers: "Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in <u>alles</u> deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God." (My onderstreping - GM.)

61 Hopelik in die betekenis van Job 16:20-21: "20 My vriende spot met my; uit my oog drup trane tot God - 21 dat Hy kan pleit vir 'n man by God en as Menseseun vir sy naaste."

62 Hierdie drieluik sluit al die potensiële kommunikasielyne in: pasiënt x terapeut, pasiënt x Terapeut en terapeut x Terapeut. Belangrik is dat die Terapeut óók by die kommunikasielyn pasiënt x terapeut teenwoordig moet wees.

63 Jesaja 58:1 (<u>Nuwe Vertaling</u> sê: "ROEP uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes."

aangeroep het om hulp.

Terapie is by die Here beskikbaar - Hy ís die Terapeut.

Privaatheid in 'n probleemsituasie is 'n duidelike gevaarteken in die Terapeutiese proses. Privaatheid word dan 'n fokus op die self. In die Woord van God word dit met enkelingskap[64] verbind. Enkeling wees is die voedingsbron vir verwarring en disoriëntasie. Privaatheid kan hier ook as onttrekking omskryf word. Die depressie- en onttrekkingsfase word implisiet deur haar pa (Ian) en Louise só verwoord: "Jan, Morag was redelik gereserveerd wat haar private sakies betref. Maar ek kan niks definitiefs oproep nie. Sy was 'n bietjie gespanne hier in die bloktyd, 'n bietjie somber die laaste tyd ... " (p. 27); "Mamma weet mos dat Morag eintlik nie iemand was wat baie gepraat het oor haar eie sake nie." (p. 80.) Ook Simon laat hom soortgelyk uit: "Sy was afgetrokke oor die foon, maar dan, sy was die afgelope tyd soms so. Net nie soos hy haar leer ken het nie." (p. 35.) Selfs die verteller neem die onttrekking waar: "Morag drink stadig aan haar tee, afgetrokke en afwesig." (p. 8.)

Die onduidelikheid van die oorsaak van haar ongelukkigheid veroorsaak dat haar naasbestaandes ook op `n private skuldsoeke gaan. Die inhoud en fokuspunt van hoofstukke 3 (Simon), 4 (Ian), 5 (Riaan), 6 (Santie), 7 (Louise), 8 (Bea en Anske) is 'n bewys hiervan.

---

64 Vergelyk Jesaja 14:20.

Een van die groot euwels in die wêreld en wat veral in die boek Post Mortem manifesteer, is die prioriteite waarvolgens die mensdom leef. Volgens die Woord van God moet prioriteite volgens 'n bepaalde orde gerangskik word. Eenvoudig gestel moet die Here altyd eerste kom; in die tweede plek die eggenoot; derdens die kinders; en eers in die vierde plek werk; laastens kom ontspanning. Só dikwels lei die omverwerping van hierdie Goddelike orde tot probleme en frustrasies in huisgesinne.

NWU LIBRARY

Ook in Morag se lewe is die werksdruk en verwagtinge in die wêreldse dimensie te veel. Morag se ouers het haar altyd as die perfekte, slim kind[65] beskou. Almal het verwag dat sy uitstekend in die eksamen sou vaar. Dit kon druk op haar geplaas het, alhoewel haar ma verduidelik het dat hulle nie daaraan glo om hulle kinders te "dwing om te presteer en te kompeteer nie" (p. 11). Die geloofwaardigheid van só 'n opmerking word deur die volgende bevraagteken: "Die kind kom net nie vanoggend by haar boeke uit nie, dink Louise. Maar sy gaan haar nie dwing nie. Morag sal weet wanneer dit nodig is." (p. 11.)

Die feit dat Morag skaars op haar ouers se stellings in verband met haar prestasie reageer, dui aan dat dit haar ontstel het. Sy sê dit reguit vir Ian as hy die volgende noem: "Ek is nie bietjie trots op my slim dogter nie." (p. 42.) Haar antwoord is: "Pappa maak my hartseer ..." (p. 42). Prestasiebeheptheid is een van die

---

65 'n Mens sou gerus kon navors die uitwerking wat dit op 'n karakter soos Santie gehad het én nog in die toekoms sal hê.

manifestasievorme van trots en ego. Die wêreldse druk om te presteer en die gevolglike versteuring van Goddelike prioriteite is iets waarteen gewaak moet word. Dit is die taak van die terapeut onder leiding van die Terapeut om die pasiënt hiervan bewus te maak.

Moedeloosheid ontstaan ook indien besluitneming[66] afwesig is. Daar is beslis talle aanduidings dat Morag op `n sekere tyd moedeloos met die lewe geraak het. Sy wou nie eers oor haar toekoms dink nie. Toe haar pa wou weet of sy al na die volgende jaar uitsien, was haar antwoord: "Ek wil nie nou so ver dink nie" (p. 42). Hieruit kan duidelik afgelei word dat sy moedeloos oor die nou en haar toekoms is, maar ook dat sy haar visie verloor het.

Dié moedeloosheid kan ook by ander karakters waargeneem word. As Simon die dag na Morag se dood wakker word, voel hy baie moedeloos: "Meteens het hy geen lus om op te staan nie, sien hy geen sin daarin om aan te trek en te eet en te sit en studeer nie. Alles is eintlik so tevergeefs" (p. 40). Passiwiteit is deel van al die fases wat uitloop op die vernietiging van die self. Dit vorm dus deel van moedeloosheid, verwarring, depressie, verlies van visie, disoriëntasie, onttrekking en wanhoop.

In 2 Korinthiërs 10:5 staan die volgende: "terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot

---

66 'n Manifestasie van passiwiteit.

die gehoorsaamheid aan Christus". Die gees van passiwiteit moet gevange geneem word tot die gehoorsaamheid aan Christus. Hierdie handeling moet deur die Christen sélf verrig word. Gedagtes moet elke dag - deur God - vernuwe word: "En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is." (Romeine 12:2.) Dit is hierdie vorm van Terapie wat aan die pasiënt voorgehou moet word.

Moedeloosheid, verwarring en depressie kán deel word van menswees en óók die Christen. Die opdrag is egter dat hierdie tipe gedagtes en gevoelens vernuwe[67] moet word. Indien dit nie gedoen word nie, verloor die mens visie en sien nie die Lig, Jesus Christus nie. Ian se noodkreet aan die dokter is 'n bewys hiervan: "Ek sê jou, dis vir ons onbegryplik ... ek sien nie die lig[68] nie" (p. 27). Gedagtes word vernuwe deur 'n bereidwilligheid tot kommunikasie[69] en dit lei tot verandering. Die Woord praat op baie plekke van stigting[70]. Stigting is een van die sleutelelemente in die Biblioterapeutiese proses.

---

67 Dit is die sielsdimensie. Dit is 'n aanhoudende proses wat moet plaasvind, want die saligheid van die siel is die einddoel van geloof sê 1 Petrus 1:9.

68 Lees die Lig.

69 Uiteraard met 'n terapeut en die Terapeut as middelaars. In 1 Timótheüs 2:5 word Christsus as die Middelaar voorgehou: "Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus".

70 Efésiërs 4:29: " Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor."

Verwarring is 'n fase wat sterk figureer in Post Mortem. Hierdie verwarrende gedagtes het hulle oorsprong by Ian, die pa van die huis. Die Goddelike orde is dat die pa vir God en die kinders vir pa kopieer in handel en wandel. Efésiërs 5:1-2 (Amplified) sê dit so:

> 1 Therefore be imitators of God [copy him and follow His example], as well-beloved children [imitate their father]. 2 And walk in love, [esteeming and delighting in one another] as Christ loved us and gave Himself up for us, a slain offering and sacrifice to God [for you, so that it became] a sweet fragrance.

Verwarring in Christenhuise ontstaan dikwels omdat die geskrewe Woord van God en die handel en wandel van die ouers kontrasteer. Die Woord van God is dus die onwrikbare basis in die Biblioterapeutiese proses en álles moet hieraan gemeet word.

Myns insiens was dit in Morag se geval veral die kontras tussen praat en doen wat die verwarring rondom huweliks- en verhoudingsetiek veroorsaak het. Haar pa was "'n man wat hom sterk uitspreek teen enige buite-egtelike verhoudings, wat as prokureur gesien het hoe egskeidings gesinne en enkelinge raak - hy beland toe op dieselfde weg ... goddank dat hy halfpad kon omdraai!" (p. 43.) In Matthéüs 23:2-3 berispe Jesus die skrifgeleerdes en fariseërs juis oor hierdie beginsel:

> 2 en gesê: Die skrifgeleerdes en die Fariseërs sit op die stoel van Moses. 3 Alles wat hulle dan vir julle mag sê om te onderhou,

onderhou en doen dit; maar volgens hulle werke moet julle nie doen nie, want hulle praat en doen nie. (My onderstreping - GM.)

Praat[71] en nie doen nie resulteer in verwarring, disoriëntasie en selfs wanhoop by kinders.

Dit is veral die selfregverdiging[72] en eiegeregtigheid[73] wat selfs ná Morag se dood nog by Ian teenwoordig is: “Een ding kan hy darem in alle eerlikheid sê: hy het hom nie in ‘n goedkoop verhouding met ‘n goedkoop meisie begewe nie ... as dít hom kan regverdig.” (p. 43.) Die selfregverdiging lê veral in die volgende: “Daar het niks met sy huwelik geskort nie - Louise was nog altyd ‘n voortreflike en dierbare vrou ... maar hy het tog op ‘n dag ontredderd gestaan en dink[74]: dan kan ‘n man twee vroue[75] liefkry?” (p. 44.) en “Aan die ander kant ‘n pynlike hartverskeurende verlange na Daleen. Albei van hulle het hy immers liefgehad ... en die een liefde het niks van die ander uitgekanselleer nie.” (p. 48.)

Dit is hierdie leuens wat satan in die sielsdimensie van die mens plant wat die

---

71 Uiteraard in lyn met die Woord.

72 Vergelyk Spreuke 17:15 in dié verband: “Hy wat die goddelose regverdig verklaar en die regverdige skuldig verklaar, hulle altwee is vir die HERE ’n gruwel.”

73 Eségiël 7:10 (Nuwe Vertaling) sê: “Die dag is hier, dit kom, die ergste gaan gebeur. Soos die mag toegeneem het, het die eiegeregtigheid toegeneem.”

74 In die sielsdimensie dus.

75 Die skrikwekkendste is dat die verhouding ‘n aanvang geneem het toe Louise na ‘n kerkfunksie toe was (p. 44).

verwarring veroorsaak. Satan se volgende strategie is om die mens gedagtes verder te besoedel deur mense die Woord van God te laat bevraagteken[76]: "Hy (Ian - GM) het sy hande voor sy gesig gelig en gesê: `Die lewe is soms so deurmekaar. Mens het so baie dinge nodig om jou ten volle te vervul ... Sou dit dan sonde wees?" (p. 47.) Selfregverdiging en eiegeregtigheid fokus op die self en lei tot 'n verlies van visie - die fokus is nié meer op Jesus nie.

In die boek self is hierdie verwarring na Louise en Morag oorgeplaas. Die insinuasie is dat Morag die gesprek tussen haar pa en ma oor Ian se buite-egtelike verhouding met Daleen afgeluister het: "Toe hy die deur oopmaak, was Morag daar. Of sy toevallig verbygeloop het, weet hy nie, maar dit het hom verskriklik beklem om te dink dat sy dalk iets gehoor het, miskien net te min om te kon verstaan - maar genoeg om ontnugterd te wees." (p. 49.) Dit is veral die valse beeld as die onfeilbare pa binne-in hom wat pla, en nog steeds probeer verdedig wat uit die volgende blyk: "Hy het geweldig teer teenoor hierdie kind gevoel. Sy was besonder sensitief, en daar was 'n sin vir ingebore ordentlikheid in haar. En sy was net so erg oor hom - as hy in haar oë moes daal, sou dit vir albei groot skade berokken het." (p. 49.) Valsheid berokken altyd meer skade as die waarheid.

Louise se vergewingsgesindheid kan ook by Morag waargeneem word. Nadat Simon 'n buitekyslike verhouding met Bea gehad het, deel die verteller die volgende mee: "Sy het vir Morag stories gaan vertel, en gelukkig het hy daarvan

---

76 In Génesis 3:1-6 word die eerste voorbeeld gevind.

te hore gekom. Morag was stil, maar sy het nie na hom gekom nie. Hy het na haar gegaan en vir haar alles vertel. Na 'n klein tydjie van afgetrokkenheid, het dinge weer reggekom." (p. 37.)

In die wanhoopsfase word die uitklophou geplant en laat die duiwel die mens spekuleer oor die tydperk ná die selfvernietigingsdaad[77]. Op p. 42 word dié gedagte duidelik as Morag sê: "Ek het al baie keer gewonder hoe mooi moet dit in die hemel wees om sekere dinge hier te oortref." Ook Tant Marie wys ook daarop dat Morag seker oor iets gely het wat haar fokus op die Goeie laat verloor het, "iets wat haar só gehinder het dat sy nie die lig kon sien nie[78]" (p. 59). Selfs haar pa erken later vanuit 'n agternaperspektief dat "daar so baie wanhoop in hierdie eeu (is)" (p. 46).

Die gebrokenheid in die sielsdimensie wat onderskei kan word in verskillende fases, lei uiteindelik tot die vernietiging van die self, van Morag. Dié totale vernietiging word deur Riaan só beleef: "Morag se kamer is so donker ... Ontsiel, ontliggaam, ont-alles. Waar sy vanaand is, wil hy nie dink nie. Sy keel trek skoon toe, en hy voel asof hy met die vuiste teen iets of iemand wil slaan en slaan en slaan totdat sy eie pyn bedaar." (p. 59.) Dit is belangrik dat elke mens die volgende (in Anske se ma se woorde) sal besef: "Onthou net dat die dood nie die einde is

---

77 Die Amplified praat in Psalm 73:7 van "the imaginations of their minds overflow [with follies]". Hier word dan bedoel dat die gedagtes van Morag reeds met selfmoordprentjies besoedel is, maar dat die fokus op die tydperk ná die selfmoord is.

78 Lees hier as "dat sy haar visie verloor het".

nie ... Ons behoort mos aan die Here." (p. 81.)

Die belangrikheid van geloof as teenpool van wanhoop word in die slotgedeeltes van die boek aangeraak. Louise is bang dat sy haar geloof sal verloor, daarom vra sy: "Neem tog net nie my geloof van my weg nie ... o, genadige Vader, as ek dit verloor, dan het ek niks meer oor nie!" (p. 73). Marie se raad en Louise se reaksie is belangrik: "`Jy weet Louise, toe ek vannag nie kon slaap nie, neem ek my Bybel en laat dit sommer oopval waar dit wil ...[79] ek het net gevoel ek sal 'n boodskap daarin vind - en ek hét ook. Nou wil ek dit net vir jou ook sê: Sý gunsgenote sal die dood tot in ewigheid nie sien nie. Jou kind leef, Louise, al is dit nou op 'n vlak waar ons nog nie kan sien en wees nie. Jy moet daaraan vashou, my liewe ou maat, daar sal 'n weersiens wees! 'n Heerlike saamwees. Sy het julle net solank vooruitgegaan.' Louise staar voor haar uit, sê niks. Oplaas sê sy tog: `Ek weet al hierdie dinge ... ek wéét dit, en as ek dit nie geglo het nie ... Maar ek weet nie hoe ek hierdie manier waarop my kind weg is, sal kan verwerk nie. Marie, dit is mos nie rég nie[80]!'" (p. 84.)

Uiteindelik is die woorde van die dominee veelseggend: "By mense en in mense kan ek vanmiddag nie troos vind nie ... <u>kom ons wend ons tot God</u> in die gebed ..." (my onderstreping - GM) (p. 25.) Hierdie onderstreepte woorde vorm die beginpunt

---

[79] In die plek van die ellips kan gesê word dat dit die Heilige Gees is.

[80] Selfmoord is nié reg nie, maar in Jesus Christus is daar hoop en verlossing.

van Biblioterapie indien die boek[81] Post Mortem as eksempiaarteks gebruik word.

[81] Lees enige boek.

# HOOFSTUK 4

## SAMEVATTING

Groeiende statistiek rakende selfmoord en die kommerwekkende toename in selfmoordpogings en die gebrek aan doeltreffende voorkomings- en Terapeutiese strategieë was die aanvoorpunt van die studie. Die eerste vasstelling was dat Biblioterapie hoofsaaklik vanuit 'n humanistiese perspektief aangebied word. Sodoende het die behoefte ontstaan om Biblioterapie vanuit 'n Christussentriese perspektief onder die loep te neem. Selfmoord het die hooftema gevorm. Om dit te kon doen, was een van die doelwitte van die studie om die mens in totaliteit volgens die Woord van God te definieer. Daar is bevind dat die mens in drie dimensies funksioneer: liggaam, siel en gees. Voorts is daar aangevoer dat Terapie in al drie die dimensies moet plaasvind. Hierdie Terapie vind deur dié Terapeut en die terapeut plaas. Vervolgens is satan se strategie om die mens te vernietig, bespreek. Daar is uitgewys dat sewe vooraffases geïdentifiseer kan word wat uiteindelik op selfmoord (kan) uitloop. Laastens is bevind dat die boek Post Mortem van Junita Joubert Biblioterapeuties gebruik kan word.

# SUMMARY

Increasing statistics of suicide, the alarming rise of suicide attempts and the lack of effective preventative and Therapeutic strategies formed the basis for the study. It was firstly established that Bibliotherapy is mainly applied from a humanistic perspective. This made it necessary to investigate the possibility of its application from a Christ-centered perspective. Suicide formed the main theme of the study. One of the objectives of the study was to define a human being in totality according to the Word of God. It was established that a human being functions in three dimensions: body, soul and spirit. Furthermore, it was argued that Therapy must be applied to all three dimensions. This Therapy should be applied by the Therapist and the therapist. Thereafter, Satan's strategy to destroy human life was presented and described. It was pointed out that suicide as an ultimate act of destruction is preceded by seven identified pre-phases. Finally, it was found that the book Post Mortem by Junita Joubert is suitable for Bibliotherapeutic use.

# BIBLIOGRAFIE


Ackermann, C.J. 1988. Selfmoordhandelinge by adolessente in die R.S.A. : Epidemologie, etiologie en die voorkomende rol van die skool. Tydskrif vir Geesteswetenskappe. Jg. 28, nr. 1. Maart 1988. pp. 7-26.

Ackermann, C.J. 1989. Selfmoordgedrag by adolessente. Ek en my kind. Somer -uitgawe, pp. 11-12.

Amplified. Kyk Zondervan & Lockman. 1987.

Booysen, M. 1995. Red jou maat se lewe. Sarie Marais, 8 November. pp. 172-173.

Brown, A. 1990. Die noodkreet van `n tiener. Die Vrye Weekblad, 13 Julie. p.10.

Buscop, J. 1998a. Capita selecta: 'n inleiding tot algemene taalwetenskap en algemene literatuurwetenskap - Tema 10: Biblioterapie, kinder- en jeugliteratuur. Ongepubliseerde studiegids. Mmabatho: Universiteit van Noordwes.

Buscop, J. 1998b. Die eerste prediking aangaande Christus: Bekering uit dooie werke. Lesing gehou te Tosca, 18 Julie.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 1983. Die Bybel: Nuwe Vertaling. Goodwood: Nasou.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 1996. Die Bybel: Dit is die ganse Heilige Skrif wat al die Kanonieke Boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat; oorgesit uit die oorspronklike tale. Goodwood: Nasou.

Cole, E.L. 1993. Winners are not those who neve fail but those who never quit.Tulsa: Honor.

Dreckmeyr, T. 1997. Towards Christ-centred education. Pretoria: CcE.

Enhanced Strong's Lexicon. 1995. Logos Research Systems.

HAT. 1994. Kyk Odendal, F.F. Schoonees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J. & Booysen, C.M.

Joubert, Junita. 1983. Post Mortem. Kaapstad: Human & Rousseau.

Joyner, R. 1986. There were two trees in the garden. New Kensington: Whitaker House.

Joyner, R. 1995. Epic battles of the last days. New Kensington: Whitaker House.

Joyner, R. 1996. The final quest. New Kensington: Whitaker House.

Kiesouw, L. 1993. Teen suicide. Fair Lady, 14 Julie. pp. 61-64.

KJV. Kyk Nelson, T. 1769.

Marchant, J.R.V. & Charles, J.F. 1952. Cassell's Latin-English English-Latin dictionary. Londen: Cassel.

Message. Kyk Peterson, E.H. 1993

Nelson, T. 1969. The Holy Bible: containing the Old and New Testaments - The King James Version. Nashville: Thomas Nelson.

Nelson, T. 1994. The Holy Bible: containing the Old and New Testaments - The New King James Version. Nashville: Thomas Nelson.

NKJV. Kyk Nelson, T. 1994.

Norden, N. 1996. Oorwin dodelike siektes van die siel. (Oorwinnaarsreeks # 1.) Groenkloof: Nikko.

Nuwe Vertaling. Kyk Bybelgenootskap. 1983.

Odendal, F.F. Schoonees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J. & Booysen, C.M. 1994. HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Midrand: Perskor.

Ou Vertaling. Kyk Bybelgenootskap. 1996.

Peterson, E.H. 1993. The Message: New Testament with Psalms and Proverbs. Colorado Springs: Navpress.

Roos, M. 1988. Vyf bittere jare later worstel moeder nog met die waaroms. Die Huisgenoot, 19 Mei. p. 159.

Smith, K. 1992. Bibliotherapy/Biblioterapie. (SAILIS konferensie) HAUM-Publicare. p.2.

Stupple, D.1987. Rx for the suicide epidemic. English Journal, jg. 76, nr. 1. pp.64-67

Tews, R. 1962. Bibliotherapy. Library Trends. Jg. 11. Okt. 1962. pp. 97-228.

Van Aardweg, E. 1982. Adolescent suicide- a challenge for the teacher. South African Journal of Education, jg. 2, nr. 4. pp.154-158.

Van der Merwe, R. 1995. Selfmoord - as jou kind probeer. Rooi Rose, 1 November. pp. 28-30.

Van Gorp, H., Ghesquiere, R., Delabastita, D. & Flamend, J. 1991. Lexicon van literaire termen: stromingen en genres, theoretische begrippen, retorische procédés en stijlfiguren. Groningen: Wolters-Noordhoff.

Van Niekerk, A. 1981. Waarom kinders en tieners selfmoord pleeg. Sarie Marais. 22 Junie. pp. 174-176.

Van Staden, E.1988. Selfmoord is aansteeklik. Sarie Marais. 21 September. pp.76-77

Van Zyl, J. 1998. Isébel jag profete. Proteapark: Woordfokus.

Vine, W.E. 1981. Vine's expository dictionary of Old and New Testament words. Grand Rapids: Fleming. (Logos Library Systems.)

Wertheimer, A. 1991. A special scar: the experiences of people bereaved by suicide. Londen: Routledge.

WHO-verslag. 1982. Changing patterns in suicide behaviour. Copenhagen: World Health Organisation.

Zondervan & Lockman. 1987. The Amplified Bible. La Habra: Zondervan & Lockman.